

Saterdag 18 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 1:1-27

Fokusgedeelte: 2 Samuel 1:17-27

Gesalfdes sal rekenskap gee

Nooit vantevore het 'n jong man soveel potensiaal getoon en soveel moontlikhede vir sy lewe gehad soos Saul nie. Nie alleen het hy kop en skouers bo die volk uitgestaan nie, maar is hy ook as mooi beskryf. Hy het soveel gawes van die Here ontvang. Hy was nederig, beskeie, het sy vader in ag geneem en was dapper.

Maar hy tree eiewillig op en breek sy verhouding met die Here. Sy uiteinde is tragies. 'n Amalekiet vermoor hom. Die gesalfde van God sterf, en Dawid is ontroer omdat hy God se gesalfde was. Toe Dawid die geleentheid gehad het om die reg in eie hande te neem, het hy hom daarvan weerhou. Saul is deur die Here aangewys. Ons sou dink dat Dawid net oor sy boesemvriend Jonatan sou huil en sing (onthou dat hy 'n digter/sanger was). Sy respek vir Saul is ten diepste respek vir God. Dat die Amalekiet doodgemaak word, is grusaam, maar teken Dawid se integriteit en lojaliteit.

Niemand het die reg om die gesalfde van God dood te maak nie, al het hy van die Here verwyderd geraak. Dawid treur in sy treffende klaaglied roerend oor die verwoesting van die trots van Israel, Saul en Jonatan. Drie keer verwoord hy sy pyn met die frase: Hoe het die helde geval. Veral oor Jonatan, sy boesemvriend, is sy hartseer groot.

Dawid sing die lied met 'n waarderende gesindheid. Hy wil dat die volk die goeie oor Saul en Jonatan onthou. Dawid en Jonatan was bondgenote van mekaar. Daar is eedswering betrokke. Daarom ook deernis en respek vir mekaar. Dawid sing oor die kompleksiteit van verhoudings. Die lewe is brutaal en mooi. En God is daarin alles. Hy is in die droë plekke en tye van my lewe. Hy is daar wanneer ek oorfloed geniet. Dawid sing van benoudheid, vrees en smart. Jonatan, die wettige troonopvolger, het Dawid se lewe gered nadat hy as koning gesalf is. Daarom is sy hartseer groot.

Ons mag die mooi van 'n vriendskap koester, maar ons moet nie die pas daar markeer nie. Ons het 'n roeping – soos Dawid wat die nuwe verantwoordelikheid van koningskap moet aanneem. Die realiteit van die lewe is: groei en leef na God toe. Getroos deur die Gees, salf die Here ons wonde om steeds verder diensbaar in sy Koninkryk te wees.

Sing: Psalm 145-1:4

Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)